Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

23 November 2025

09:30 Oggenderediens: Ds. Piet Venter

‘n Diep teleurstelling, terugslag of beproewing oorval mens soms so skielik en onverwags. Dit kan ook soms baie lank duur en ‘n mens in ‘n diep worsteling met God laat val - dink maar aan Job. Selfs die “sterkste” of “volwasse” gelowige kan deur beproewing wankel in hulle geloof en in twyfel verval. Want beproewing is mos ook die geleentheid wat Satan aangryp om jou van ‘n klomp leuens oor jouself, jou geloof en oor God te oortuig.

Daarom is dit so wonderlik om te weet dat ons liefdevolle Vader juis ook in tye van beproewinge besondere bemoeienis met ons maak. Nee, Hy het nie van ons vergeet nie! Nee, Hy straf ons nie! Inteendeel - Hy verseker ons deur sy Woord
1. dat Hy in beproewinge by en met ons is;
2. dat Hy vir ons perspektief gee op ons beproewing en
3. dat Hy ons louter deur ons beproewinge.
Dit is wat die Here ons vanmore wil leer uit Josef se saamstap met die Here.

Tema: Al wat ons deur beproewinge kan dra, is geloof in God.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 199: 1, 3; Lied 203: 1, 2, 3;

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 14 - 6: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 147 - 1: 1, 2; Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 9, vr 26.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Sing Sb. 9 - 1: 1; Liturg lees Sb. 9 - 1: 2 tot 10; Gemeente sing Sb. 9 - 1: 11; Gebed deur sr Elsie Ferreira.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing:
Genesis 39: 1 – 6 en 19 – 21: Teksvers: 2
Genesis 41: 50 – 52
Genesis 45: 1 – 16 : Teksvers: 4 en 5
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawes (Beide Liefdegawes vandag: Diakonie); Sing Sb. 5 - 4: 1 tot 6 ; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

GEBEDSRIGLYN:
Gebed in tyd van beproewing

Hemelse Vader,

In hierdie tyd van lyding en onsekerheid, bring ek my hart na U toe. Soos U met Josef in Egipte was, weet ek dat U ook nou met my is. Ek glo dat U teenwoordigheid my dra deur hierdie donker uur of tyd.

Skenk my, Here, die genade om te sien met U oë. Help my om te verstaan dat hierdie pyn ‘n doel het wat ek dalk nog nie kan sien nie. Soos U Josef se verraad gebruik het om lewens te red, gebruik ook my stryd vir ‘n groter doel en betekenis.

Louter my hart deur hierdie vuur. Maak my geloof sterker, my vertroue dieper en my karakter meer soos U Seun s’n. Laat hierdie beproewing nie my bitter maak nie, maar eerder ‘n getuienis van U genade.

In Jesus se naam,
Amen.

MEELEWING

- Roelf Kleynhans sterk nog in Southdown nasorgeenheid in Pretoria aan na sy heupvervangingoperasie. Hy sal daar bly tot 27 November.
- Hester Lombaard se pa se gesondheid het baie verbeter en hy is uit die hospitaal ontslaan.

ONS BID DIE HERE OM GENESING EN UITKOMS VIR AL ONS LIDMATE WAT DEUR SIEKTE EN BEPROEWING GAAN.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET VOLGEHOUE SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianne Kruger, Mariana du Plessis, Corrie du Plessis, Elma Leijenaar, Emily Hefer, Jaap van der Walt, Evelyn Schutte en Jan Schutte.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening
Sap onder die tent
18:00 Gesamentlike Kerssangdiens by GK Potch Die Bult

Maandag - Saterdag
08:00 - 20:00 Kersmark (mark sluit Saterdag om 14:00)

SAKE VAN DIE KERKRAAD

Die naam van br. Johan Bezuidenhout word aan die gemeente voorgehou vir goedkeuring vir die diens van ouderling.

AFKONDIGINGS

- Beide Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Diensbeurt: Groep 7 en 8.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 23 November
Br. Japie Visser

Maandag, 24 November
Sr. Christa Bloem
Br. Frans vd Walt

Dinsdag, 25 November
Jsr. Carli Storm

Woensdag, 26 November
Br. Walter Plotz
Jbr. Higgs Venter

Vrydag, 28 November
Br. Pierre Volschenk *****

Saterdag, 29 November
Br. Johannes v As
Br. Jan v Jaarsveld

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

"KERSBOKSE" - BARMHARTIGHEIDSPROJEK

Ons wil hierdie jaar weer 14 gesinne bederf met 'n spesiale ete vir Kersfees. Ons het wel besluit om hierdie jaar koopbewyse van Checkers/Pick 'n Pay te gee, eerder as items. Ons moedig lidmate en kleingroepe aan om ons weer met hierdie projek te ondersteun. Kontant kan in koeverte (gemerk "Kersboks") in die kluis gegooi word / in die susters se FNB inbetaal word of Koopbewyse kan aangekoop en vir Anna Smith / kerkkantoor gegee word. Sluitingsdatum vir projek: 30 November 2025.
Baie dankie vir julle ondersteuning, Anna Smith

Mooirivier Kersmark

Ons is baie dankbaar dat die Mark Donderdag kon begin na lang en baie harde voorbereidingswerk. Ons bid die Here se seën af op ons projek en bid almal wat die volgende dae daar diens moet doen, die Here se krag en vreugde toe. Ons mark dien as 'n "gesig" van ons gemeente na die gemeenskap van Potchefstroom en ons bede is dat die uitstallers en besoekers die liefde van die Here hier sal sien en ervaar.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Beskikbaar in die voorportaal van die kerk vir lidmate wat daarop ingeteken is.

GKSA ALMANAK 2026

Beskikbaar in die Kerkkantoor vir lidmate wat bestel het.

GKSA-NUUS

Beroepe aanvaar

- Ds JA (Jaco) Linde van GK Witrivier na GK Bellville-Oos as medeleraar.
- Ds SJL (Lohan) Linde van GK Pretoria-Wonderboom-Suid na GK Kameeldrift.

Beroepbaarstelling van proponent Brendan Vorster

- Streeksinode Randvaal het op 18 November 2025 vir br. Brendan Vorster, ooreenkomstig Kerkorde, artikel 4, geëksamineer en in die Gereformeerde Kerke beroepbaar gestel.
- Beroepbaarstelling van proponent Clerence Langa
  Streeksinode Vrystaat/KwaZulu-Natal het op 18 November 2025 vir br. Clerence Langa, ooreenkomstig Kerkorde, artikel 4, geëksamineer en in die Gereformeerde Kerke beroepbaar gestel.

Emeritering

- Ds. Reinder Kingma, predikant van GK Bellville-Oos, lewer DV op Sondag 30 November 2025 sy afskeidspreek. Ds. Kingma emeriteer einde Des. 2025.
- Ds. Hennie Reinecke, predikant van GK Kuruman, lewer DV op Sondag 30 November 2025, sy afskeidspreek waarna hy sy emeritaat aanvaar.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Susan Lourens en groep 4, Hariët v Rooyen en groep 12, Esta du Plooy en groep 22, Gizelle Alberts en groep 27, Tooitjie Niemand en groep 30, asook Hester Lombard en groep 35.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig. Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

SINODE TEE-SKINK: VRYDAG 9 JANUARIE 2026

Liewe sussies, ons gemeente het twee tee-skink beurte by 2026 se sinode - 10:30 en 16:00.
Ons benodig dringend dames wat daarmee kan help. Kontak vir Rieëtte of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om met 'n sessie te help.
Daar is ook reeds 'n lys in die voorportaal van die Skuur waarop jy jou naam kan skryf in die sessie wat jou pas.

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332** / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch